GRONDWET

MOOIBERGE
EIENAARSVERENIGING
PAARL

INDEKS

Paragraaf	**Omskrywing**
1.	Naam en regspersoonlikheid
2.	Woordomskrywing
3.	Doelstelling
4.	Lidmaatskap
5.	Heffings
6.	Eiendom
7.	Huis- en gedragsreëls
8.	Versuim
9.	Staking van lidmaatskap
10.	Bestuurskomitee
11.	Ontslag en rotasie van bestuurslede
12.	Werksaamhede van bestuurskomitee
13.	Magte en pligte van die bestuurskomitee
14.	Verrigtinge van die bestuurskomitee
15.	Algemene vergaderings van die vereniging
16.	Kennisgewings van vergaderings
17.	Vergaderplek
18.	Kworum
19.	Agenda van vergaderings
20.	Verrigtinge by algemene vergadering
21.	Volmagte
22.	Stemming
23.	Beroeps amptenare
24.	Rekenkundige rekords
25.	Oudit
26.	Kennisgewings
27.	Okkupeerders
28.	Arbitrasie
29.	Wysiging van Grondwet
30.	Ontbinding
31.	Eerste bestuur en jaarvergadering
32.	Statutêr geskep

1. NAAM EN REGSPERSOONLIKHEID

1.1 Die naam van die vereniging is **Mooiberge Eienaarsvereniging**.

1.2 Die vereniging is ‘n regspersoon wat in eie naam mag dagvaar of gedagvaar mag word en wie se bates en laste afsonderlik van dié van sy lede is. Die aanspreeklikheid van die lede is beperk tot onbetaalde lidmaatskapgelde en/of heffings en/of enige ander bedrae wat lede aan die vereniging verskuldig mag wees.

1.3 Die lede van die vereniging en/of die bestuurslede is nie persoonlik aanspreeklik vir verliese wat vir die vereniging of vir individuele lede van die vereniging mag ontstaan nie; selfs nie waar sodanige verlies uit die optrede van bestuurslede of lede voortspruit nie, mits sodanige optrede ter goedertrou en ooreenkomstig hierdie Grondwet plaasgevind het. Verdermeer word elke lid van die bestuurskomitee en agent en werknemer van die vereniging, asook enige bestuursagent en sy werknemers en genomineerdes gevrywaar deur die vereniging van alle aanspreeklikheid, verliese, regsgedinge, eise, skadevergoeding, kostes en uitgawes (insluitende reiskoste) wat mag ontstaan voortspruitend uit enige ooreenkoms aangegaan en enige handeling deur sodanige persoon in die uitvoering van sy pligte, insluitende die geval van ‘n lid van die bestuurskomitee, sy pligte as voorsitter en onder-voorsitter. Sonder die inperking van die algemeenheid van die vorige bepaling, vrywaar die vereniging elke sodanige persoon teen alle verliese van welke aard ookal voortspruitend uit enige *bona fide* handeling, dokumente en geskrifte deur hom, gesamentlik en afsonderlik in verband met die ontheffing van sy verpligtinge.

2. WOORDOMSKRYWING

Onderhewig aan die bogenoemde sal enige woorde of uitdrukkings wat omskryf is in die *Drakenstein Municipality: Land Use Planning By-law P.N. (_)* gedateer (_) of enige wysiging daarvan wat van krag is van tyd tot tyd en ten opsigte waarvan hierdie Grondwet bindend op die vereniging sal wees, indien dit met die samehang met hierdie ooreenkoms ooreenstem dieselfde betekenis hê in hierdie Grondwet.

In hierdie Grondwet, tensy dit uit die samehang anders blyk, sluit woorde wat die enkelvoud aandui, ook die meervoud in en omgekeerd; woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in en omgekeerd; woorde wat persone aandui, ook regspersone en trusts in; ‘n verwysing na ‘n maatskappy ook ander regspersone in en omsluit aandele dienooreenkomstiglik ook ledebelange in sodanige ander regspersone en beteken:

2.1 **besluite:**

2.1.1 **‘besluite van bestuur’** - beteken ’n besluit geneem deur ’n gewone meerderheid van alle aanwesige bestuurslede op ’n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die bestuurskomitee, waarvan minstens 7 (sewe) kalenderdae vooraf skriftelike kennis, (beide dae uitgesluit), waarin die voorgenome besluit vermeld word, gegee is, onderhewig daaraan dat vir die ontwikkelingstydperk die ontwikkelaar, ongeag of dit die eienaar van ‘n erf is, deel van die meerderheidstem moet wees. Bestuurslede en die ontwikkelaar tydens die

ontwikkelingstydperk, kan ook afstand doen van enige vereiste van kennisgewing vir die neem van ‘n besluit. 'n Skriftelike besluit onderteken deur al die lede van die bestuurskomitee, sal dieselfde regskrag hê as 'n geldige besluit geneem op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die bestuurskomitee, onderhewig daaraan dat vir die ontwikkelingstydperk, die ontwikkelaar se handtekening ook verkry word. Sodanige besluit kan vervat word in meer as een dokument;

2.1.2 **‘gewone besluite van lede’** - beteken ’n besluit geneem deur ’n gewone meerderheid van die stemme van alle aanwesige lede, hetsy persoonlik of by volmag, op ’n behoorlik gekonstitueerde ledevergadering waarvan kennis, (beide dae uitgesluit), waarin die voorgenome gewone besluit vermeld word, gegee is, onderhewig daaraan dat vir die ontwikkelingstydperk die ontwikkelaar, ongeag of dit die eienaar van ‘n erf is, deel van die meerderheidstem moet wees. Lede en die ontwikkelaar tydens die ontwikkelingstydperk, kan ook afstand doen van enige vereiste van kennisgewing vir die neem van ‘n gewone besluit. 'n Skriftelike besluit onderteken deur al die lede, sal dieselfde regskrag hê as 'n geldige gewone besluit geneem op 'n ledevergadering van die vereniging, onderhewig daaraan dat vir die ontwikkelingstydperk die ontwikkelaar se handtekening ook verkry word. Sodanige gewone besluit kan vervat word in meer as een dokument;

2.1.3 **‘spesiale besluite van lede’** - beteken ’n besluit geneem deur ’n meerderheid van minstens driekwart van die stemme van alle aanwesige lede, hetsy persoonlik of by volmag, op ’n behoorlik gekonstitueerde ledevergadering van die vereniging, waarvan minstens 21 (een en twintig) kalenderdae vooraf skriftelike kennis, (beide dae uitgesluit), waarin die voorgenome spesiale besluit vermeld word, gegee is, onderhewig daaraan dat vir die ontwikkelingstydperk die ontwikkelaar, ongeag of dit die eienaar van ‘n erf is, deel van die driekwart-stem moet wees. Lede en die ontwikkelaar tydens die ontwikkelingstydperk, kan ook afstand doen van enige vereiste van kennisgewing vir die neem van ‘n spesiale besluit. 'n Skriftelike besluit onderteken deur al die lede, sal dieselfde regskrag hê as 'n geldige spesiale besluit geneem op 'n ledevergadering van die vereniging, onderhewig daaraan dat vir die ontwikkelingstydperk die ontwikkelaar se handtekening ook verkry word. Sodanige spesiale besluit kan vervat word in meer as een dokument;

2.2 **‘bestuurskomitee’** - beteken die bestuurslede wat kragtens klousules 10 en 11 verkies is om die bestuur van die vereniging te behartig;

2.3 **‘bestuurslid’** - beteken ‘n bestuurslid van tyd tot tyd van die bestuurskomitee;

2.4 **‘die eiendom’** - beteken al die eiendom van tyd tot tyd waarvan die vereniging eienaar is of waarvan die vereniging die wettige okkupeerder is;

2.5 **‘die Plaaslike Owerheid’** - beteken Drakenstein Munisipaliteit en sy opvolgers in amp en regverkrygendes;

2.6 **‘die Wet’** - beteken die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, soos van tyd tot tyd gewysig;

2.7 **‘dienste’** - beteken dienste wat die vereniging aan sy lede lewer, waarop die vereniging van tyd tot tyd tydens ‘n ledevergadering mag besluit;

2.8 **‘erf’** of **‘erwe’** of **‘ontwikkeling’** of **‘groepsbehuisingsontwikkeling’** - beteken die residensiële erwe wat ontstaan uit die onderverdeling van:

Erwe 34877, 39404 en Restant Erf 34878 Paarl
in die Drakenstein Munisipaliteit
Afdeling Paarl, Provinsie Wes-Kaap;

2.9 **‘hierdie Grondwet’** - beteken hierdie Grondwet, regulasies, huisreëls en gedragsreëls van die vereniging soos van tyd tot tyd van krag;

2.10 **‘jaar’** - beteken ‘n kalenderjaar;

2.11 **‘ledevergadering’** - beteken ‘n Algemene Jaarvergadering en enige spesiale vergadering;

2.12 **‘lid’** - beteken ‘n lid van die vereniging en is die geregistreerde eienaar of eienaars van ‘n erf. Waar daar meer as een geregistreerde eienaar van ‘n erf is, word hulle gesamentlik as een lid beskou;

2.13 **‘maand’** - beteken ‘n kalendermaand;

2.14 **‘ontwikkelaar’** - beteken Snowdove 19 Eiendoms Beperk (registrasie-nommer: 2006/030109/07), SF Trust Sakesentrum, Voortrekkerweg 73, Malmesbury, 7300;

2.15 **‘ontwikkelingstydperk’** - beteken die tydperk vanaf die datum van registrasie van oordrag van die eerste erf in die ontwikkeling aan ‘n koper, tot die voltooiingsdatum;

2.16 **‘rekenmeester’** - beteken die ouditeure en/of rekenmeesters van die vereniging na gelang van die geval;

2.17 **‘skriftelik’** - beteken in skrif gedruk, getik of enige ander wyse waarop woorde in sigbare vorm voortgebring is;

2.18 **‘vereniging’** - beteken die Mooiberge Eienaarsvereniging;

2.19 **‘voltooiingsdatum’** - beteken die datum van oordrag van die laaste erf in die ontwikkeling, of sodanige vroeëre datum wat die ontwikkelaar by wyse van skriftelike kennis aan die vereniging mag bepaal; en

2.20 **‘voorsitter’** - beteken die voorsitter van die bestuurskomitee.

3. DOELSTELLING

Die doelstelling van die vereniging is om die gemeenskaplike en groepsbelang van die lede in die algemeen te bevorder, te verbeter en te beskerm en vir hierdie doel:

3.1 die instandhouding van geboue, dienste en geriewe op die eiendom te behartig;

3.2 is eienaars van erwe in die groepsbehuisingsontwikkeling, as lede, mede-aanspreeklik vir uitgawes aangegaan in verband met die vereniging, maar beperk tot lidmaatskapgelde;

3.3 ‘n bouhandleiding, met die vooraf skriftelike goedkeuring van die Plaaslike Owerheid, daar te stel wat die ontwerp en argitektuur van die groepsbehuisingsontwikkeling aanspreek;

[Ongeag die bepalings van klousule 29 hierna, sal die doelstellings vervat in klousules 3.1 tot 3.3 nie gewysig, herroep of gekanselleer kan word sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Plaaslike Owerheid nie.]

3.4 die magte en pligte waarna in artikel (_) van *Drakenstein Municipality: Land Use Planning By-law P.N. (_)* gedateer (_) verwys word, uit te oefen;

3.5 sodanige heffings of enige ander bedrae van lede te vorder waarop die vereniging van tyd tot tyd mag besluit, wat nodig is om die doelstellings te verwesenlik;

3.6 gespesialiseerde risikobeheer dienste van outonome kontrakteurs te bekom, waarop die vereniging van tyd tot tyd mag besluit;

3.7 bouplanne van alle beoogde bouwerk op erwe ooreenkomstig die bouhandleiding goed of af te keur en toe te sien dat geen bouwerk oor ‘n munisipale dienswerk opgerig word nie;

3.8 huis- en gedragsreëls daar te stel en van tyd tot tyd hersien ten einde die gemeenskaplike- en groepsbelang van die lede in die algemeen te bevorder en te beskerm

en ter bereiking van hierdie doelstellings, sal die vereniging onder andere ‘n aansoeker bewus maak van hierdie betrokke bepalings.

4. LIDMAATSKAP

Die lidmaatskap tot die vereniging is beperk tot die geregistreerde eienaar/s van erwe, met dien verstande dat:

4.1 ’n persoon wat geregtig is om ‘n Sertifikaat van Geregistreerde Titel te verkry ten opsigte van enige erf geag sal word die geregistreerde eienaar daarvan te wees;

4.2 waar sodanige eienaars meer as een persoon is, sal al die geregistreerde eienaars van daardie erf gesamentlik geag word een lid van die vereniging te wees;

4.3 wanneer ‘n lid staak om die geregistreerde eienaar van ‘n erf te wees, sal hy *ipso facto* staak om ‘n lid van die vereniging te wees;

4.4 ’n lid sal nie ‘n erf vervreem en/of verkoop tensy dit ‘n voorwaarde van die koopkontrak en van die daaropvolgende transport is, dat:

> *‘Die eiendom of enige belang daarin mag nie oorgedra, onderverdeel of gekonsolideer word, alvorens die eienaar vooraf skriftelike goedkeuring van die Mooiberge Eienaarsvereniging verkry het nie en elke eienaar van die eiendom sal op datum van oordrag outomaties ‘n lid van die vereniging word en bly en gebonde wees aan die bepalings van sy grondwet, terwyl hy die geregistreerde eienaar van die eiendom is.’*

4.5 die geregistreerde eienaar van ‘n erf kan nie as lid van die vereniging bedank nie;

4.6 die regte en verpligtinge van ‘n lid sal nie oordraagbaar wees nie en elke lid sal:

4.6.1 tot die beste van sy vermoë die oogmerke en belange van die vereniging bevorder; en

4.6.2 alle huisreëls en gedragsreëls van die vereniging ten volle nakom

met dien verstande dat niks in hierdie Grondwet ‘n lid sal verbied om sy regte in terme van die Grondwet te sedeer aan die verbandhouer van daardie lid se erf, *in securitatem debiti,* nie.

5. HEFFINGS

5.1 Slegs tydens ledevergaderings mag die vereniging heffings vasstel wat betaalbaar sal wees deur sy lede met die doel om voorsiening te maak vir:

5.1.1 al die uitgawes wat die vereniging aangaan;

5.1.2 begrotings wat die bestuurskomitee rederlikerwys jaarliks voorsien deur die vereniging aangegaan te word ter nakoming van hul verpligtinge in terme hiervan, wat insluit maar nie beperk is nie tot:

5.1.2.1 die onderhoud, instandhouding, herstel, verbetering en bevordering van die eiendom;

5.1.2.2 betaling van alle belastings of ander heffings of uitgawes van enige aard hoegenaamd, betaalbaar deur die vereniging aan die Plaaslike Owerheid vir dienste gelewer aan die vereniging;

5.1.2.3 die betaling van alle uitgawes wat nodig en rederlikerwys aangegaan was in verband met die bestuur van die vereniging, die eiendom en die vereniging se sake; en

5.1.2.4 ter bereiking van die vereniging se doelstellings.

5.2 Die bestuurskomitee sal die uitgawes gedurende elke jaar beraam, wat insluit enige tekort wat gedurende die vorige jaar ontstaan het en sal dan ‘n begroting opstel vir voorlegging aan die ledevergadering vir goedkeuring. Die bestuurskomitee mag by die begroting ‘n bedrag insluit as ‘n reserwe vir onvoorsiene toekomstige uitgawes.

5.3 Elke sodanige heffing sal vooruitbetaalbaar wees in maandelikse paaiemente op die eerste dag van elke maand van die jaar, waarvoor dit besluit was.

5.4 Die bestuurskomitee mag egter van tyd tot tyd buitengewone heffings vasstel ten opsigte van sulke uitgawes waarna in klousule 5.1 hierbo verwys word, maar wat nie by die begroting waarna in klousule 5.2 hierbo verwys word ingesluit was nie en hierdie heffing mag vasgestel word in ‘n bedrag en by wyse van betaling van paaiemente soos wat die bestuurskomitee van tyd tot tyd mag besluit in hulle uitsluitlike goeddunke met dien verstande dat sodanige heffings eers van krag sal word tydens ‘n besluit op ‘n ledevergadering.

5.5 Enige bedrag verskuldig deur ‘n lid as ‘n heffing sal ‘n skuld wees van hom aan die vereniging. Die verpligting van ‘n lid om die heffing te betaal sal verval wanneer hy staak om ‘n lid van die vereniging te wees sonder benadeling van die vereniging se reg om agterstallige of uitstaande heffings of betalings te vorder. Geen heffing wat reeds deur ‘n lid aan die vereniging betaal is, sal onder enige omstandighede hoegenaamd terugbetaalbaar wees deur die vereniging aan sodanige lid indien hy staak om ‘n lid te wees nie. Die regopvolgers van ‘n lid, as eienaar van ‘n erf, sal aanspreeklik wees vir die betaling van heffings vanaf die datum waarop hy (die regopvolger) ‘n lid van die vereniging word uit hoofde van die oordrag van daardie erf in sy naam en sal die toeskryfbare heffing ten opsigte van daardie erf, wat van tyd tot tyd verskuldig word, stiptelik betaal. **Geen lid sal geregtig wees om sy erf oor te dra nie, tensy die vereniging teen ‘n voorgeskrewe fooi gesertifiseer het dat daardie lid soos op datum van oordrag al sy verpligtinge teenoor die vereniging nagekom het**.

5.6 Heffings sal *pro rata* bereken word volgens die onderskeie geldende totale munisipale waardasies (grond en verbeterings) van elke erf. Uit die staanspoor en totdat munisipale waardasies beskikbaar is, sal die waarde van elke erf gelyk wees aan die aankoopprys van daardie erf van die ontwikkelaar.

5.7 ’n Lid sal nie geregtig wees op die voorregte van lidmaatskap nie, tensy en totdat hy alle heffings en/of enige ander bedrae verskuldig deur hom aan die vereniging betaal het.

6. <u>DIE EIENDOM</u>

Die vereniging sal slegs by ‘n ledevergadering magtiging verleen vir:

6.1 die koop, verkoop, verhuring, vervreemding, onderverdeling of oordrag van die geheel of enige gedeelte van die eiendom en vir hierdie doel is die vereniging geregtig om onroerende en roerende eiendom te bekom; en

6.2 die verlening van enige regte. hetsy dit in die Aktekantoor geregistreer is of nie, vir die gebruik van, besit of enige ander serwituut ten gunste van ‘n persoon wat nie ‘n lid is nie, van die eiendom.

7. HUIS- EN GEDRAGSREëLS

7.1 Onderhewig aan enige beperking of aanwysing wat opgelê mag word tydens ‘n ledevergadering (hetsy tydens ‘n algemene jaarvergadering of ‘n spesiale vergadering), mag die bestuurskomitee van tyd tot tyd huisreëls en/of gedragsreëls bepaal vir die beheer, ordelike reëling en bevordering van:

7.1.1 lede se regte vir die gebruik, okkupasie en benutting van die eiendom en/of die erf wat in lede se name geregistreer is;

7.1.2 die onderhoud van die eiendom en die geboue of ander verbeterings wat daarop aangebring is; en

7.1.3 die onderhoud en algmene voorkoms van erwe en die geboue of ander verbeterings wat daarop aangebring is; en

7.1.4 enige ander aangeleentheid na hulle uitsluitlike diskresie en goeddunke.

7.2 Die bestuurskomitee mag van tyd tot tyd ooreenkomste aangaan met die Plaaslike Owerheid of enige kontrakteur aangaande die aangeleenthede wat in klousule 7.1 hierbo uiteengesit is en enige ander saak verbonde daaraan.

7.3 Elke lid onderneem teenoor die vereniging dat hy sal voldoen aan:

7.3.1 die bepalings van hierdie Grondwet;

7.3.2 enige regulasies en gedragsreëls wat gemaak is ingevolge klousule 7.1 hierbo; en

7.3.3 enige ooreenkoms waarna in hierdie klousule verwys word wat direk of indirek verpligtinge op hom plaas.

8. VERSUIM

Enige lid wat in gebreke is om betaling aan die vereniging te maak op die vervaldag daarvan, van enige heffing of enige ander bedrag verskuldig deur sodanige lid, of wat op enige ander wyse nalaat om die bepalings van hierdie Grondwet na te kom, mag indien so bepaal deur ‘n besluit van die bestuurskomitee:

8.1 ’n boete opgelê word deur die vereniging vir sodanige bedrag soos hulle in hulle uitsluitlike diskresie vasstel;

8.2 beveel word om aan die vereniging of enige ander lid of enige ander persoon wat deur die nalate verontreg is, ‘n bedrag as vergoeding te betaal soos in elke geval deur die bestuurskomitee besluit mag word;

8.3 beveel word om rente op agterstallige bedrae, wat na keuse van die vereniging gehef kan word, te betaal;

8.4 genooi word om die bestuurskomitee vergadering by te woon by wyse van skriftelike kennisgewing gelewer aan sodanige lid nie minder nie as 7 (sewe) dae voor die byeenroeping van die vergadering en so ‘n lid sal dan geregtig wees om daar sy saak te stel, maar sal nie teenwoordig wees wanneer oor die saak gestem word, of om in die verrigtinge deel te neem behalwe soos deur die voorsitter by daardie vergadering toegelaat; en

8.5 weier word om ‘n sertifikaat ooreenkomstig klousule 5.5 te ontvang, totdat die lid sy verpligtinge ten volle nagekom het.

9. STAKING VAN LIDMAATSKAP

‘n Lid (of sy eksekuteur, kurator, trustee of erfgename) sal, indien hy staak om ‘n lid te wees, geen eis hê teen die vereniging ten opsigte van die fondse of enige ander eiendom van die vereniging nie, maar hierdie klousule verleen aan die vereniging sonder benadeling van enige ander regte wat dit mag besit, om van sodanige lid of sy boedel enige agterstallige of uitstaande heffings, rente en/of enige ander bedrae verskuldig deur hom aan die vereniging, van tyd tot tyd, te eis as hy staak om ‘n lid te wees vir enige rede hoegenaamd.

10. BESTUURSKOMITEE

10.1 Die vereniging sal ‘n bestuurskomitee hê, wat, sodra daar voldoende lede is, sal bestaan uit minstens 3 (drie) lede.

10.2 ’n Bestuurslid moet ‘n natuurlike person en ‘n lid van die vereniging wees en word by wyse van ‘n gewone besluit tydens ‘n algemene of spesiale ledevergadering verkies.

11. ONTSLAG EN ROTASIE VAN BESTUURSLEDE

11.1 Behalwe soos in klousule 11.2 hieronder uiteengesit, sal elke bestuurslid die amp beklee vir ‘n tydperk van drie jaar wanneer elke bestuurslid sal bedank, maar beskikbaar sal wees vir herverkiesing tot die bestuurskomitee by daardie vergadering. Bestuurslede sal by wyse van rotasie uittree. Dit sal by wyse van loting bepaal word welke lid van die eerste bestuurskomitee sal uittree by die tweede en derde ledevergadering van die vereniging.

11.2 die amp van bestuurslid sal *ipso facto* beëindig en vakant wees indien:

11.2.1 hy bedank deur skriftelike kennisgewing tot dien effekte aan sy mede bestuurslede te gee en elke bestuurslid sal geregtig wees om aldus te bedank; of

11.2.2 hy geestelik versteurd of swaksinnig raak; of

11.2.3 hy onbevoeg of onbekwaam is om as bestuurslid op te tree; of

11.2.4 hy insolvent verklaar word of boedel oorgee of ‘n kompromie met sy skuldeisers aangaan; of

11.2.5 hy in terme van die Maatskappywet wat van tyd tot tyd van krag is, gediskwalifiseer is om as ‘n direkteur van ‘n Maatskappy op te tree; met

dien verstande dat enige handeling wat *bona fide* verrig is deur ‘n persoon wat gestaak het om ‘n bestuurslid te wees, sal geldig wees totdat die feit dat hy nie meer ‘n bestuurslid is nie, in die notuleboek van die bestuurskomitee genotuleer is; of

11.2.6 hy ooreenkomstig klousule 8 in versuim is en deur die ander bestuurslede versoek is om te bedank; of

11.2.7 hy ophou om ‘n lid te wees.

11.3 Indien ‘n vakature ontstaan in die bestuurskomitee voor die daaropvolgende ledevergadering, sal die vakature gevul word deur ‘n persoon wat deur die oorblywende lede van die bestuurskomitee genomineer word.

12. WERKSAAMHEDE VAN BESTUURSKOMITEE

12.1 Die bestuurskomitee sal uit hulle geledere ‘n (1)voorsitter, (2)onder-voorsitter en (3)sekretaris/tesourier verkies.

12.2 Binne 7 (sewe) dae na ‘n ledevergadering, sal die bestuurskomitee bymekaar kom en sal uit hulle geledere ‘n (1)voorsitter, (2)onder-voorsitter, (3)sekretaris/tesourier verkies, wie in daardie ampte sal ageer tot die volgende ledevergadering, met dien verstande dat die amp van voorsitter en onder-voorsitter vakant sal word indien die bestuurslid wat daardie amp beklee staak om ‘n bestuurslid of lid te wees vir enige rede hoegenaamd. Geen bestuurslid sal tot meer as een van die bogemelde ampte verkies word nie. In die geval van ‘n vakature in enige van die bovermelde ampte, te enige tyd, sal die bestuurskomitee ontmoet en die vakature uit hulle geledere vul.

12.3 Behalwe soos andersins in hierdie Grondwet bepaal sal die voorsitter alle vergaderings van die bestuurskomitee asook alle ledevergaderings lei, en sal hy alle handelinge wat voortspruit uit die amp van voorsitter verrig asook sodanige ander pligte soos wat deur die bestuurskomitee of die lede aan hom voorgeskryf mag word en hy sal oor die reg beskik om goedkeuring te verleen of te weier dat enige persoon sodanige vergadering toespreek met dien verstande egter dat ‘n persoon wat nie ‘n lid van die vereniging is nie, nie geregtig sal wees om by sulke vergaderings te stem nie.

12.4 Die onder-voorsitter sal die magte en pligte van die voorsitter in sy afwesigheid uitvoer en sal sulke pligte verrig soos wat van tyd tot tyd aan hom opgedra mag word deur die voorsitter of die bestuurskomitee.

12.5 Die bestuurslede sal geregtig wees op vergoeding vir alle redelike en *bona fide* uitgawes deur hulle aangegaan in verband met die uitvoering van hulle pligte as bestuurslede en/of (1)voorsitter, (2)onder-voorsitter, (3)sekretaris/tesourier, soos die geval mag wees, maar sal behalwe vir sodanige vergoeding ten opsigte van uitgawes nie geregtig wees op enige ander vergoeding vir hul dienste nie. Sodanige *bona fide* uitgawes moet vooraf deur die (1)voorsitter en (2)onder-voorsitter goedgekeur word.

13. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE BESTUURSKOMITEE

13.1 Onderhewig aan die uitdruklike voorwaardes en bepalings van hierdie Grondwet, sal die bestuurskomitee die besigheid en die sake van die

vereniging beheer en bestuur en sal ten volle gemagtig wees om die bevoegdhede van die vereniging uit te voer en al sodanige handelinge namens die vereniging te verrig wat deur die vereniging verrig kan word, maar wat nie ingevolge hierdie Grondwet vereis word deur die vereniging tydens ‘n ledevergadering nie, onderhewig nieteenstaande aan die regulasies en/of huisreëls en/of gedragsreëls soos van tyd tot tyd deur die vereniging op ‘n ledevergadering aangeneem het, met dien verstande egter dat geen besluit van die ledevergadering enige voorafgaande regsgeldige handeling van die bestuurskomitee ongeldig mag verklaar nie.

13.2 Die bestuurskomitee sal geregtig wees om sy besluite en beslissings van tyd tot tyd te hersien, te verander, te verbeter of aan te vul.

13.3 Die bestuurkomitee sal geregtig wees om enige persoon te koöpteer tot die bestuurskomitee en sodanige gekoöpteerde bestuurslid sal al die regte geniet en onderhewig wees aan al die verpligtinge van ‘n bestuurslid.

13.4 Die bestuurskomitee sal, indien hulle so besluit, enige beweerde oortreding deur enige lid ondersoek op ‘n redelike en billike wyse soos hulle van tyd tot tyd in hulle diskresie mag besluit.

13.5 Die bestuurskomitee sal huisreëls en/of gedragsreëls maak (wat nie teenstrydig is met die bepalings van hierdie Grondwet of enige ander huisreëls en/of gedragsreëls wat reeds deur die vereniging goedgekeur is nie):

13.5.1 met betrekking tot dispute in die algemeen;

13.5.2 vir die bevordering van die doelstellings van die vereniging;

13.5.3 vir die bevordering van die bestuur, beheer en ordening van die sake van die vereniging;

13.5.4 vir die bevordering van die belange van lede;

13.5.5 vir reël van bestuurskomitee vergaderings en algemene- en spesiale vergaderings van die vereniging; en

13.5.6 om bystand in die algemeen te verleen in die administrasie en bestuur van die aktiwiteite van die vereniging en sal geregtig wees om van tyd tot tyd enige sodanige regulasie en/of gedragsreëls te kanselleer te wysig of aan te vul.

13.6 Die bestuurskomitee sal namens en in opdrag van die vereniging:

13.6.1 toesien tot die onderhoud, instandhouding en gebruik van die eiendom en ook tot enige ander saak of aangeleentheid wat daarop betrekking het; en

13.6.2 alle bouplanne van lede wat bouwerk of aanbouings op erwe wil doen, goed- of afkeur; en

13.6.3 alle aansoeke vir onderverdelings of konsolidasies van erwe goed- of afkeur.

13.7 Die bestuurskomitee sal die vereniging se finansies beheer en die nodige bankrekeninge namens die vereniging open en bestuur met dien verstande dat alle betalings twee handtekeninge van die (1)voorsitter en/of die (2)onder-voorsitter en/of die (3)sekretaris/tesourier vereis. Al drie gemelde handtekeninge word vereis vir enige magtiging om betalings elektronies deur enige een van hulle te doen.

13.8 In die alternatief tot die bepalings vervat in klousule 13.7, sal die bestuurskomitee, behalwe voorafgenoemde magte en pligte, die reg hê om 'n skriftelike kontrak met 'n bestuursagent aan te gaan. Die kontrak mag nie langer as 'n jaar wees nie, met die doel om die komitee by te staan met die beheer en bestuur van die Mooiberge Huiseienaarsvereniging en om alle redelike pligte, opdragte en verantwoordelikhede soos toevertrou deur die bestuurskomitee, te aanvaar. Die bestuursagent sal die reg hê om heffings namens die komitee in te vorder.

13.9 Die bestuurskomitee is verder verplig om te alle tye toe te sien dat 'n lederegister bygehou word en waarin onder andere die volgende besonderhede vervat is:

13.9.1 die eiendom se erfnommer, grootte en munisipale waardasie;

13.9.2 die eienaar se volle naam en adres; en

13.9.3 die datum van registrasie van transport.

14. VERRIGTINGE VAN DIE BESTUURSKOMITEE

14.1 Die bestuurskomitee, onderhewig aan die bepalings van hierdie Grondwet, mag van tyd tot tyd byeenkom vir die afhandeling van enige besigheid en mag die vergaderings reël en verdaag en andersins hulle vergaderings reël soos wat hulle goed dink.

14.2 Die vergaderings van die bestuurskomitee sal ten minstens een keer elke 3 (drie) maande gehou word met dien verstande dat, indien alle bestuurslede afstand doen van hierdie vereiste, ten opsigte van 'n spesifieke kwartaal sodanige vergadering nie vir daardie kwartaal gehou sal word nie.

14.3 By 'n vergadering van die bestuurskomitee vorm 50% (vyftig persent) van die getal bestuurslede 'n kworum.

14.4 Die voorsitter sal alle vergaderings van die bestuurskomitee lei met dien verstande egter dat, indien hy na 5 (vyf) minute van die vasgeselde tyd vir die hou van die vergadering nie teenwoordig is nie, die onder-voorsitter as voorsitter sal ageer by sodanige vergadering, welke voorsitter al die regte en pligte sal uitoefen as voorsitter ten opsigte van daardie vergadering.

14.5 Die sekretaris/tesourier sal notule hou van elke vergadering, welke notule skriftelik sal wees en so spoedig moontlik na afhandeling van die vergadering deur die voorsitter as juis aanvaar word. Alle notules van die bestuurskomitee sal, nadat dit goedgekeur is, geplaas word in die notuleboek, wat gehou word ooreenkomstig die bepalings van die Maatskappywet vir die hou van notules vir vergaderings.

14.6 Die bestuurskomitee-notuleboek sal beskikbaar wees vir insae te alle redelike tye deur ‘n bestuurslid, die rekenmeester en die lede van die vereniging.

14.7 Alle notules wat in die notuleboek aangebring is van ‘n bestuursvergadering sal geldig en van krag wees vanaf die datum waarop dit aangeneem is totdat dit gewysig of herroep word, maar geen notule of vermeende notule van die bestuurskomitee sal van enige werking of krag wees, of bindend op die lede of enige bestuurslid wees nie, tensy sodanige besluit binne die bevoegdhede en magte van die bestuurskomitee geneem was.

14.8 Behalwe soos wat in hierdie Grondwet bepaal word, sal die vergadering van die bestuurskomitee gehou word op ‘n redelike wyse en in die vorm soos wat die voorsitter van tyd tot tyd mag besluit.

14.9 'n Skriftelike besluit onderteken deur al die bestuurslede, sal dieselfde regskrag hê as 'n geldige besluit geneem op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die bestuurskomitee. Sodanige besluit kan vervat word in meer as een dokument wat deur die bestuurslede geteken is.

15. ALGEMENE VERGADERINGS VAN DIE VERENIGING

15.1 Voor die **30ste dag van November** in elke kalenderjaar sal die vereniging ‘n ledevergadering hou, bykomend tot enige ander ledevergadering gedurende daardie jaar gehou, en sal die vergadering as sulks aandui in die kennisgewing wat ingevolge klousule 16 hieronder dit byeenroep.

15.2 Die ledevergadering, behalwe die jaarlikse ledevergadering, sal ‘n spesiale ledevergadering genoem word.

15.3 Die bestuurskomitee mag wanneer hulle dit goedvind, ‘n spesiale ledevergadering byeenroep en indien daartoe versoek deur ten minste 2 (twee) lede, moet hulle ‘n spesiale ledevergadering byeenroep.

15.4 'n Skriftelike besluit onderteken deur al die lede, sal dieselfde regskrag hê as 'n geldige gewone besluit geneem op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die vereniging. Sodanige besluit kan vervat word in meer as een dokument wat deur die lede geteken is.

16. KENNISGEWINGS VAN VERGADERINGS

16.1 ‘n Algemene jaarvergadering en ‘n vergadering wat die aanname van ‘n spesiale besluit vereis, sal byeengeroep word by wyse van ten minste 21 (een en twintig) dae kennisgewing en ‘n spesiale ledevergadering waarby daar nie ‘n spesiale besluit geneem word nie, by wyse van ten minste 7 (sewe) dae kennisgewing.

16.2 ‘n Kennisgewing van ‘n vergadering moet skriftelik wees en moet insluit:

16.2.1 die datum, tyd en plek van die vergadering;

16.2.2 die algemene doel van die vergadering;

16.2.3 ‘n afskrif van enige voorgestelde besluit waarvan die vereniging kennis ontvang het, en wat op die vergadering oorweeg moet word, en ‘n

kennisgewing van die persentasie stemregte wat vereis word vir daardie besluit om aangeneem te word; en

16.2.4 in die geval van ‘n ledevergadering, die finansiële state of ‘n opgesomde vorm daarvan.

17. VERGADERPLEK

Ledevergaderings van die vereniging sal gehou word by sodanige plekke binne die groepsbehuisingsontwikkeling, soos wat die bestuurskomitee van tyd tot tyd sal bepaal.

18. KWORUM

Geen sake mag by ‘n ledevergadering verrig word nie, tensy ‘n kworum van persone persoonlik of by wyse van volmag teenwoordig is op die tydstip wanneer tot sake oorgegaan word. By ‘n ledevergadering is ‘n kworum die aantal lede wat minstens 25% (vyf en twintig persent) van die stemme hou en persoonlik of by wyse van volmag of by wyse van ‘n wetlik erkende verteenwoordiger aanwesig moet wees en geregtig is om te stem. Indien ‘n kworum nie aanwesig is binne 30 (dertig) minute na die tyd wat vir die vergadering vasgestel is nie, verdaag die vergadering tot dieselfde dag in die volgende week op dieselfde tyd en plek en indien by die verdaagde vergadering ‘n kworum nie teen binne 30 (dertig) minute na die tyd vir die vergadering vasgestel, teenwoordig is nie, vorm die eienaars wat persoonlik of by wyse van volmag teenwoordig is en geregtig is om te stem ‘n kworum.

19. AGENDA VAN VERGADERINGS

Die volgende sake sal mee gehandel word by ‘n ledevergadering aanvullend tot enige ander aangeleenthede wat ingevolge hierdie Grondwet vereis word om daarby mee gehandel te word:

19.1 die oorweging, aanpassing en/of bevestiging van die voorsitter se verslag aan die bestuurskomitee;

19.2 die verkiesing van die bestuurskomitee;

19.3 die oorweging, bevestiging en/of aanpassing van enige ander sake wat geopper word by die ledevergadering insluitende enige besluite wat voorgestel word vir aanname deur die ledevergadering en die stemming ten opsigte van sodanige besluite;

19.4 die oorweging, bevestiging en/of aanpassing van die finansiële state/balansstaat van die vereniging vir die afgelope boekjaar van die vereniging wat die datum van die ledevergadering voorafgaan;

19.5 die oorweging, bevestiging en/of aanpassing van die verslag van die rekenmeesters;

19.6 die oorweging, bevestiging en/of aanpassing van die totale heffing vir die kalenderjaar waartydens sodanige ledevergadering plaasvind;

19.7 die oorweging, bevestiging en/of aanpassing van die vergoeding van die rekenmeester vir die jaar wat die ledevergadering van die vereniging voorafgaan; en

19.8 die oorweging, bevestiging en/of aanpassing van die begroting soos voorberei deur die bestuur in die komende jaar.

20. VERRIGTINGE BY ALGEMENE VERGADERING

20.1 Die voorsitter sal ‘n ledevergadering lei met dien verstande dat indien hy nie teenwoordig is binne 5 (vyf) minute na die tyd wat vir die vergadering vasgestel is nie, sal die onder-voorsitter as voorsitter optree by daardie vergadering, en indien die onder-voorsitter ook nie teenwoordig is binne 5 (vyf) minute na die tyd wat vir die vergadering vasgestel is nie, dan sal die lede wat teenwoordig is en geregtig is om te stem, uit hulle geledere ‘n voorsitter vir die vergadering kies, wat beklee sal wees met al die regte en pligte van ‘n voorsitter vir daardie betrokke vergadering.

20.2 Die voorsitter mag met die toestemming van die ledevergadering waarby ‘n kworum teenwoordig is die vergadering van tyd tot tyd uitstel, maar geen sake sal by die uitgestelde vergadering behandel word anders as dit wat wettiglik by die uitgestelde vergadering mee gehandel moes word nie. Wanneer ‘n vergadering uitgestel word vir meer as 10 (tien) dae, sal kennis van die uitgestelde vergadering gegee word op dieselfde wyse soos ‘n oorspronklike vergadering. Behalwe soos voormeld, sal die lede nie geregtig wees om kennis te ontvang van ‘n uitgestelde vergadering of van die sake wat by sodanige vergadering mee gehandel word nie.

20.3 Behalwe soos voormeld uiteengesit, sal alle ledevergaderings gevoer word ooreenstemmend met die algemene aanvaarde praktyke.

21. VOLMAGTE

21.1 Stemming by ‘n ledevergadering kan of persoonlik of deur ‘n gevolmagtigde uitgebring word, hetsy deur ‘n stemming per stembrief of deur die opsteek van hande. Geen gevolmagtigde sal in daardie hoedanigheid meer stemme kan uitbring as 10% van al die stemme van lede van die vereniging nie.

21.2 ’n Gevolmagtigde moet skriftelik aangestel word onder die handtekening van die aansteller of sy agent wat behoorlik en skriftelik aangestel is, en die aanstelling moet dan aan die voorsitter oorhandig word voor die aanvang van die vergadering, met dien verstande dat die voorgaande bepalings nie van toepassing is nie ten opsigte van enige volmag geskep en vervat in enige geregistreerde verband indien sodanige verband by die vergadering beskikbaar gestel word.

21.3 ’n Gevolmagtigde moet ‘n lid, wie dan oor twee stemme sal beskik, of ‘n okkupeerder van ‘n erf wees.

22. STEMMING

22.1 Elke lid beskik oor een stem ten opsigte van elke erf waarvan hy die geregistreerde eienaar is. By enige ledevergadering word oor ‘n besluit gestem deur die opsteek van hande tensy, voor sodanige stemming, ‘n

stemming per stembrief geëis word deur enige persoon wat geregtig is om te stem by sodanige vergadering. Op geen stadium sal daar meer as 30% van die totale stemme in ‘n lid setel nie, ongeag die hoeveelheid en grootte van die erf (of meervoud erwe) wat in sy naam geregistreer is of ooreenkomstig klousule 21 gevolmagtig is.

22.2 Tensy ‘n stemming per stembrief aldus geëis word, is ‘n verklaring deur die voorsitter dat ‘n besluit by die opsteek van hande geneem is, afdoende bewys daarvan sonder bewys van die aantal of verhouding van stemme wat ten gunste of teen daardie besluit uitgebring is.

22.3 Eis om ‘n stemming per stembrief kan teruggetrek word.

22.4 ’n Stemming per stembrief, indien geëis, geskied op die wyse wat die voorsitter goedvind en die uitslag van die stemming per stembrief word geag die besluit van die vergadering te wees.

22.5 Met die opsteek van hande het die lid of sy gevolmagtigde soveel stemme as wat aan hom ingevolge hierdie akte toegeken word, met dien verstande dat die voorsitter by magte is om na goeddunke die stemprosedure te wysig na stemming per stembrief in plaas van deur die opsteek van hande.

22.6 Behalwe in gevalle waar ‘n spesiale besluit vereis word, is ‘n lid nie geregtig om op ‘n ledevergadering te stem nie, indien:

22.6.1 enige bydraes wat deur hom ten opsigte van sy lidmaatskap nie betaal is nie; of

22.6.2 hy volhard om enige van die huishoudelike of gedragreëls te verbreek nieteenstaande ‘n skriftelik waarskuwing deur die bestuurskomitee om die verbreking van sodanige reël te staak, met dien verstande dat enige verbandhouer geregtig is om as sodanige eienaar se gevolmagtigde op enige ledevergadering te stem, selfs al sou klousule 22.6.1 of die voorafgaande bepalings van hierdie klousule op sodanige eienaar van toepassing wees.

22.7 Waar ‘n trust ‘n lid van die vereniging is, oefen enige gemagtigde trustee van sodanige trust die stemreg van daardie trust se lidmaatskap uit, tot uitsluiting van persone wat voordelige belang in die trust het en mag sodanige persone nie stem nie.

22.8 Indien twee of meer persone geregtig is om een stem gesamentlik uit te bring, word daardie stem uitgeoefen slegs deur ‘n persoon (wat een van hulle kan wees, maar nie hoef te wees nie) gesamentlik deur hulle aangewys as hulle gevolmagtigde.

22.9 Nieteenstaande klousule 22.8, kan enige een van twee of meer persone wat geregtig is om een stem gesamentlik uit te bring, ‘n stemming per stembrief eis.

23. BEROEPSAMPTENARE

Die bestuurskomitee sal te alle tye geregtig wees om die dienste te bekom namens die vereniging van ouditeure, rekenmeesters, prokureurs, advokate,

argitekte, ingenieurs of enige ander beroepspersoon of firma vir enige rede wat hulle nodig mag ag op sulke terme en voorwaardes soos wat die bestuurskomitee in hulle uitsluitlike diskresie mag besluit.

24. REKENKUNDIGE REKORDS

24.1 Die ledevergadering van die vereniging of die bestuurskomitee, na gelang van die geval, mag van tyd tot tyd redelike voorwaardes en regulasies maak met betrekking tot die tyd en die wyse van insae deur lede van alle rekenkundige boeke van die vereniging deur enige een van hulle en onderhewig aan sodanige voorwaardes sal die rekenkundige rekords van die vereniging dan beskikbaar wees vir insae deur lede te alle redelike besigheidsure.

24.2 By die algemene jaarvergadering sal die bestuurskomitee aan die vereniging voorlê ‘n behoorlike inkomste- en uitgawerekening vir die boekjaar wat die vergadering onmiddellik voorafgaan of in die geval van die heel eerste vergadering vir die tydperk sedert die ontstaan van die vereniging tesame met ‘n finansiële-/balansstaat vir die boekjaar wat eindig voor die datum van sodanige vergadering. Elke sodanige finansiële-/balansstaat sal vergesel word van behoorlike verslae deur die bestuurskomitee sowel as die ouditeure en/of rekenmeesters en van die kennisgewing aan lede wat die ledevergadering byeenroep soos hierdie Grondwet bepaal.

25. OUDIT

Indien dit deur die algemene jaarvergadering van die vereniging vereis word, sal die vereniging jaarliks sy rekenkundige rekords laat ondersoek deur ‘n ouditeur wat die juistheid van die inkomste- en uitgawerekenings sowel as die balansstate sal vasstel. Die pligte van die ouditeurs sal bepaal word ooreenkomstig die bepalings van die Maatskappywet.

26. KENNISGEWINGS

26.1 Kennisgewings sal skriftelik geskied en gegee of gedien word deur die vereniging op ‘n lid persoonlik by ‘n adres deur hom aan die vereniging verskaf en by gebreke daaraan aan die adres van die erf wat deur hom gehou word ingevolge hierdie Grondwet.

26.2 Enige kennisgewing wat per faks na die party se faksnommer of per e-pos na die party se e-posadres gestuur word, sal as ontvang bekou word op die datum van versending indien dit gedurende redelike besigheidsure gestuur is, of op die eerste werksdag daarna indien dit buite redelike besigheidsure gestuur is, tensy die teendeel bewys word.

26.3 Die onopsetlike versuim om kennisgewing van ‘n vergadering te gee of indien ‘n lid nie ‘n kennisgewing ontvang van ‘n vergadering nie, en hy is geregtig om by so ‘n vergadering teenwoordig te wees, sal nie die verrigtinge van daardie vergadering ongeldig maak nie.

27. OKKUPEERDERS

‘n Lid sal te alle tye toesien dat alle okkupeerders van sy erf hul onderwerp aan die bepalings van die Grondwet en aan alle gedrags- en huisreëls.

28. ARBITRASIE

Enige geskil wat mag ontstaan met betrekking tot die vertolking, of die uitvoering van hierdie Grondwet, of in verband met, of as gevolg van die staking daarvan, of in verband met enige aangeleentheid voortvloeiend daaruit sal, indien so vereis deur enige party by wyse van skriftelike kennisgewing aan die ander partye te dien effekte, finaal opgelos word ooreenkomstig die reëls van die Arbitration Foundation of Southern Africa ('AFSA') deur 'n arbiter of arbiters aangestel deur AFSA. Die partye sal geregtig wees om te appelleer ooreenkomstig artikel 22 van gemelde reëls.

28.1 Elke party tot hierdie ooreenkoms, deur hul onderskeie handtekeninge hierop aan te bring:

28.1.1 stem uitdruklik toe dat enige arbitrasie kragtens gemelde reëls behartig word as 'n dringende aangeleentheid; en

28.1.2 magtig die ander partye onherroeplik om skriftelik aansoek te doen, namens al die partye tot sodanige dispuut, na enige sekretariaat van AFSA kragtens artikel 23(1) van voorgemelde reëls, vir enige arbitrasie om op 'n dringende grondslag te geskied.

28.2 Indien AFSA nie meer bestaan nie, sal die arbiter aangestel word deur die President indertyd van die Kaapse Wetsgenootskap van Suid-Afrika en die arbitrasie sal behartig word ooreenkomstig die Wet op Arbitrasie, Wet 42 van 1965.

28.3 Ondanks enige iets tot die teendeel vervat in hierdie klousule 28, sal enige party geregtig wees om by enige bevoegde hof wat jurisdiksie het, aansoek te doen vir 'n interdik.

28.4 Vir doeleindes van klousule 28.1 en vir doeleindes van enige toekenning deur die arbiter wat 'n hofbevel gemaak mag word, onderwerp elk van die partye hulle hiermee aan die nie-eksklusiewe jurisdiksie van die Wes-Kaapse Hoë Hof.

28.5 Hierdie klousule 28 is skeibaar van die res van hierdie ooreenkoms en sal van krag bly ondanks enige beëindiging of kansellasie van hierdie ooreenkoms, of enige gedeelte daarvan.

28.6 Die beslissing van die arbiter sal bindend op die partye tot hierdie ooreenkoms wees.

28.7 Elkeen van die partye verbind hulself om uitvoering te gee aan elke bepaling van hierdie Grondwet.

28.8 Hierdie Grondwet vorm 'n eenheid en is ondeelbaar.

29. WYSIGING VAN GRONDWET

29.1 Hierdie Grondwet kan tydens 'n spesiale vergadering of op 'n ledevergadering gewysig word. Die doelstellings vervat in klousules 3.1 tot 3.3 mag nie gewysig, herroep of gekanselleer word sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Plaaslike Owerheid nie.

29.2 ‘n Besluit geneem deur 75% (vyf en sewentig persent) van die aanwesige stemgeregtigdes sal bindend wees.

30. ONTBINDING

30.1 Die vereniging kan, met die vooraf skriftelike goedkeuring van die Plaaslike Owerheid, op ‘n spesiale vergadering ontbind word nadat die bepalings van hierdie klousule 30 nagekom is.

30.2 By ontbinding sal 75% (vyf en sewentig persent) van die teenwoordige stemgeregtigde lede op ‘n spesiale vergadering besluit oor die aanwending van al die bates.

31. EERSTE BESTUUR EN – JAARVERGADERING

Die eerste bestuur van die vereniging sal binne 12 (twaalf) maande nadat die eerste registrasie van transport van ‘n erf gepasseer is, op ‘n spesiale vergadering verkies word. Die ontwikkelaar is vir die interim periode en totdat die eerste bestuur verkies is, gemagtig om alle besluite namens die vereniging te neem en dokumente namens die vereniging te onderteken.

32. STATUTêR GESKEP

Die stigting van hierdie vereniging is ooreenkomstig artikel (_) van *Drakenstein Municipality: Land Use Planning By-law P.N. (_)* gedateer (_), as voorwaarde gestel in die onderverdeling van Erf (_) Paarl, soos opgelê deur Plaaslike Owerheid.